UITVOERENDE KOMMISSIE VERGADERING GEHOU OP
16 MAART 1960.

TEENWOORDIG: Ds. P.S.Z. Coetzee (Voorsitter), Ds. J.J. Fourie, Mnr. S.J. Naudé en Ds. W.R. de Kock.

OPENING: Nadat die vergadering met gebed deur die voorsitter geopen is, word die agenda behandel.

## B U I T E L A N D.

1. LENINGS MNR. N.F. BOTHA, DS. M.J. DELPORT, DS. F. BOTHA:

Sien bylae 1, 2, 3.

2. LENINGSKULD MNR. D.R. LOUW:

Word na die Saakgelastigde verwys vir afhandeling.

3. SALARIS WERKSTERS:

Hierdie saak bly oor tot na die sitting van die a.s. Sinode.

---

Ned. Geref. Kerk
Argief
in die O.V.S.

## B I N N E L A N D.

## B A S O E T O L A N D.

4. KLINIEK, MOKHALES HOEK:

Die Waarnemende Algemene Sendingsekretaris doen verslag van die Inwyding van hierdie kliniek verlede maand. 'n Woord van waardering vir die werk in verband hiermee deur eerw. A.J. du Plessis (Wepener) en dr. A. van Zyl sal aan hul gestuur word.

## F.S.R.

5. AANVRAAG FINANSIËLE HULP VOORGESTELDE SENDINGBLAD:

Hierdie saak staan oor vir die e.v. S.A.S.K. vergadering.

## W I T Z I E S H O E K.

6. WAARDERING BESLUITE U.K.:

Die Uitvoerende Kommissie neem kennis van die briewe van eerw. N. Basson van 1 Maart waarin hy waardering uitspreek vir die besluite van die Uitvoerende Kommissie in verband met die bou van die kerkies te Momahali, Teseng en die installering van die stowe.